

Sing vooraf: Psalm 131:1 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en
sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Skriflesing: Johannes 13

Teks: Johannes 13:1, 15; Kategismus Sondag 51

**En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat
Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die
wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe. (Johannes 13:1 AFR1953)
Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook
so te doen. (Johannes 13:15 AFR1953)**

Jesus Christus se dissipels was net sulke mense soos ons – met dieselfde gebreke:

- Hoogmoedig
- Haatdraend
- Vol twissug

Daarom kry hulle so 'n treffende preek van die Here Jesus Christus.

- Nie 'n preek soos wat ons dit ken nie.

- In hierdie preek van die Here Jesus Christus het Hy gepreek en prakties gedemonstreer hoe die beginsels van sy preek uitgevoer moes word.

Die tema van sy preek is: Jy moet liefhê en opoffer in jou liefde teenoor jou naaste.

Dit was die aand voor die kruisiging.

- Alles is gespanne – eintlik is die atmosfeer besig om al hoe swaarder gelaai te word, want dit is oomblikke van spanning vir die Here Jesus Christus.
- Maar die spanning was ook in die hemel.
- En ook in die hel.

Vir die Satan is die spanning sekerlik die ergste.

- Dit is die laaste poging wat hy gaan aanwend om die versoeningswerk van die Here Jesus Christus te vernietig.
- Hy het reeds Jesus se gevangeneming en kruisiging beplan.
- Om die vernietiging van die Here Jesus te laat slaag, en seker te maak dat die dissipels ook nie die leer van Christus verder dra nie, wil hy in hierdie laaste oomblikke die Here Jesus se werk ook nog vernietig.
- Hy wil die menslike swakhede en sondes van die dissipels gebruik om die Here se werk en nalatenskap te verongeluk.

Judas sit daar tussen die ander dissipels.

- Die duiwel het hom reeds oortuig om Jesus te gaan oorlewer aan die Joodse Raad.
- Die Here Jesus Christus weet al hierdie dinge.
 - Hy weet ook dat sy dood wag.
 - Hy weet ook hoe verskriklik dit gaan wees – só erg dat Hy dit sal uitroep dat selfs God Hom verlaat het.

Johannes die apostel beklemtoon in hierdie hoofstuk dat Jesus al hierdie dinge vooruit geweet het.

- Hy doen dit met 'n rede, want hy wil hê dat ons moet insien dat alles wat Jesus daardie betrokke aand gedoen het, tot in die fynste besonderhede toe beplan was.
- Daar het niks toevallig gebeur nie.
 - Alles was tot in die besonderheid toe bereken.
 - Die Here Jesus kon net op een manier deur die hele kruisigingsproses gaan, en ook sy nalatenskap bevestig, omdat Hy vooruit geweet het wat aan die kom was.

Dit is waar ons teksvers ter sprake kom. As ons al dié dinge vooruit geweet het, sou ons dit sekerlik probeer ontvlug het.

- Maar met die Here Jesus is dit anders.
- Hy het ons lief – en in sy liefde wil Hy ons verlos van die Satan en sy heerskappy.

Daarom dra Hy die gevolge van sy liefde vir ons.

- Uit liefde vir ons sterf Hy.
- Hierdie aand was Hy besig om die laaste voorbereidings te tref.

Kyk na hierdie liefde van die Here Jesus Christus.

- Dis nie 'n passiewe liefde nie.
- In die Here Jesus se liefhêproses werk Hy.

- Hy gaan kruis toe omdat sy liefde vir ons Hom daarheen dryf.

Kom ons kyk nou na die dissipels.

- Hulle kon ook aanvoel dat hier dinge aan die gebeur is.
- Hulle het seker besef dat dinge oploop na 'n klimaks toe.
- Maar hoe verwerk hulle dit?

Hulle verstaan dinge verkeerd en hanteer die dinge van die oomblik ook verkeerd.

- Hulle het blykbaar dieselfde standpunt as die deursnee Jode gehad, naamlik dat die Here Jesus 'n Messias sou wees wat hulle van die Romeine sou verlos, en van hulle wêreldheersers sou maak.

Daarom het hulle nou die verwagting gehad dat die Here Jesus sy koninkryk gaan oprig.

- Elkeen van hulle het vir homself 'n posisie in die oog gehad.
- Uit die aard van die saak het dit gou in 'n rusie ontaard oor wie van hulle nou juis die belangrikste moet wees.
- Ons lees dit in die Evangelie volgens Lukas 22:24vv:

En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees.

Die Here Jesus praat nie saam nie.

- Hy deel nie in die twis nie.
- Dan meteens wil Hy hulle leer wat die antwoord is van hierdie twispunt onder hulle.
- Hy antwoord deur hulle voete te was.

Hierdie daad het ook 'n agtergrond. Die mense het mos in daardie tyd sandale gedra.

- Hulle het nie gery waar hulle wou wees nie – hulle moes al die plekke te voet bereik.
- Daarom was hulle voete altyd baie vuil omdat die stof aan die sweet van hulle voete gepak het.
- Hulle voete was ook die meeste van die tyd seer geloop.
 - Dit was waarskynlik waarom dit die gebruik was dat iemand wat gasheer was altyd sy gaste se voete laat was het wanneer hulle by sy huis kom.
 - Hulle het spesiaal 'n slaaf aangehou wat net die gaste se voete gewas het.

Daar was nog 'n rede waarom die gaste se voete gewas is. In daardie tyd het die mense nie by tafels gesit en eet nie.

- Hulle het op 'n mat op die grond tafel gedek, of op 'n tafel wat so laag was dat mens alles daarop kon raakvat as jy op jou sy lê.
- Almal wat saam eet, het op hulle sye al rondom die mat of tafel op die grond gaan lê.
- Dit sou dus baie onsmaaklik wees om met jou gesig naby iemand anders se vuil voete te lê wanneer jy eet.

Nou terug na daardie aand voor die kruisiging.

- Die Here Jesus Christus was die Gasheer van hierdie maaltyd – die laaste Pasga wat die eerste Nagmaal geword het.
- Maar Hy het nie 'n slaaf gehad wat sy gaste se voete kon was nie.

Dit het nie vanselfsprekend beteken dat die Here Jesus nou sy gaste se voete moes was nie.

- Dit was ook die gebruik dat die geringste een van almal wat daar bymekaar was, die ander se voete moes was as die huisheer nie 'n voetewasslaaf kon bekostig nie.

Kyk nou weer na die dissipels daardie aand.

- Nie een van hulle oorweeg dit eers om die waskom te vat en die ander dissipels se voete te was nie – ook nie eers die Here Jesus s'n nie.
- Verder is dit opmerklik waarom hulle stry.
 - Hulle stry oor wie van hulle die meeste/belangrikste/hoogste in status is.
 - Hulle stry nie oor wie die minste/nederigste is nie.

Teen hierdie agtergrond staan Jesus Christus die Gasheer van die maaltyd af op – hulle het dus al begin eet sonder dat iemand hulle voete gewas het!

- Die Here Jesus begin om elkeen van hulle se voete te was.
- Hy het sy bo-kleed uitgetrek, en 'n doek as 'n voorskoot omgebind en begin om sy dissipels se voete te was.

So maak die Here Jesus Christus Homself tot 'n slaaf.

Hierdie *slaaf wees* van Christus beteken vir ons twee dinge.

- Eerstens stel dit ons verhouding tot God reg.
- Deur hierdie voorbeeld van sy slaafskap eis die Here Jesus Christus van my en jou 'n liefde wat opoffer vir jou naaste.

Moenie die dissipels te hard veroordeel nie.

- Hulle is presies soos ons – dit kon net sowel julle of ek gewees het wat daardie aand daar was.
- Hulle het daardie aand – net soos ons dikwels – nie heeltemal verstaan waarom die Here Jesus Christus na hierdie wêreld toe gekom het nie, en ook nie wat sy koninkryk werklik is nie.

Toe die Here Jesus opgestaan en water in die wasskottel gegooi het, en hulle voete gewas het, het die Here hulle daarmee laat verstaan dat Hy dié wat aan Hom behoort, so liefhet dat Hy hulle self rein was.

- So rein dat hulle kan ophou haat en verwaand wees en stry.
- So rein dat hulle saam met Hom aan die Nagmaal kan aansit.
- So rein dat hulle uiteindelik eendag in die hemel saam met Hom aan die ewige feesmaal sal aansit.

Die dissipels kry toe 'n plek in die koninkryk van die hemel,

- maar nie omdat hulle dit met hulle stryery oopgeveg het nie,
- maar omdat die Here Jesus Christus dit vir hulle gedoen het.
- Hulle kry op 'n heeltemal ander manier plek in die koninkryk van God as wat hulle gedink het.

Die dissipels verstaan dit nie, en daarom sê Petrus:

Petrus sê vir Hom: U sal my voete in der ewigheid nie was nie!
(Johannes 13:8 AFR1953)

Dan antwoord die Here Jesus Petrus:

As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.” (Johannes 13:8 AFR1953)

Die Here Jesus trek 'n lyn na bo.

- Dit gaan nie om jou voete nie, maar om die hemel.
- Dit gaan oor jou gesindheid – oor die gesteldheid van jou siel.
- Sonder dat die Here Jesus Christus ons rein was, kan ons nie die hemel bereik nie.

God se liefde bereik juis ons wêreld deur hierdie Jesus wat op sy knieë voor Petrus staan.

- Dit is wat dit beteken as daar in Johannes 3:16 staan dat God die wêreld so lief gehad het dat almal wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie.
- En in Johannes 14:19 dat Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe is, en dat niemand ooit in die hemel by God kom behalwe deur die Here Jesus nie.

Alles beteken dat Jesus Christus moet sterf sodat die liefdesband van die mens af na God toe herstel kan word.

- Dit kan net gebeur omdat Jesus ons eerste liefgehad het – soos ons teksvers dit stel.
- En hierdie liefde is nie soos ons liefde wat nog niemand anders in die steek kan laat nie.

Niks kan Jesus Christus se liefde verander nie, want Hy het ons liefgehad tot die einde toe.

- Sy liefde vir ons het nie afgebreek nie, want dis juis waarvoor Hy saam met twee moordenaars gekruisig is.
- Dit is waarom Hy begrawe moes word, en ook weer later uit die dood opgestaan het.
- Dis waarvoor Hy hemel toe is, sodat Hy in liefde vir ons kan plek gereed maak – sodat ons aan die einde, as die tyd verbygegaan het, in die hiernamaals 'n blyplek kan hê.

Die voetwassing is die simbool van al hierdie dinge.

Soos wat Christus sy dissipels tot aan die einde van sy aardse lewe liefgehad het, net so het Hy ons lief tot verby die einde van die aarde se tyd.

- Die Here Jesus was net die dissipels se voete, maar daarmee toon Hy aan dat Hy almal wat aan Hom behoort rein was van al hulle sondes sodat hulle rein by Hom kan wees.
- Daarmee herstel Christus die band tussen ons en God wat met die sonde verbreek is.

So sterk is die liefde van God in hierdie daad uitgebeeld dat selfs Judas se voete gewas word voordat hy toegelaat word om Jesus te gaan verraai.

Verder is dit so dat hierdie liefde van Christus ons ook onder 'n sekere verpligting plaas.

- Ons moet ons naaste dien met ons liefde.
- Ons moet dus gerus ons hoogmoedigheid vergeet – of die ding dat ons soms dink ons is beter as iemand anders.

Die Here Jesus het toe vir die verwaande klomp rusiemakers daar aan sy Nagmaaltafel gesê:

As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. (Johannes 13:14-15 AFR1953)

Die boodskap van Christus is tog duidelik.

- Ons moet mekaar in nederigheid en in liefde dien.

- As ons die eenheid in Christus wil deel, moet ons ook een met mekaar wees.

Het u al opgelet hoe lyk ons naasteliefde?

- Dis vir ons veel makliker om iemand te beskinder as om sy goeie naam te beskerm.
- Om in liefde met jou naaste te lewe beteken nie net dat jy vrede met hom moet hê nie.
- Dit veronderstel nie dat julle nie aktief moet baklei of rusie maak nie.
- Dis nie naastenby genoeg nie!

Die regte liefdesverhouding met jou naaste is 'n verhouding waarin jy moet opoffer.

- Met ander woorde: *voetewas*.
- Jy moet uitreik na die behoeftes van jou naaste.

En jy moet nie self besluit wie is goed genoeg om in jou liefde te deel nie. Die Here het klaar besluit!

- Onthou maar net dat Jesus Judas se voete ook gewas het – al het hy Hom verrai.
- Die ander dissipels se voete ook, al het Jesus geweet dat hulle daardie selfde nag nog van Hom af sou wegvlug.

Hy wou sterf vir sy mense – dit is wat liefde werklik is.

Ons kan die Here alleen dien, as ons sy voorbeeld kan navolg. Dis wat Hy self sê.

- Hy het sy koningskap in die hemel neergelê om op die aarde sy dissipels se voete te was sodat hulle met skoon voete aan die eerste Nagmaal kon aansit.
- Hy het die hemel verlaat om vir elkeen van ons te sterf sodat ons die voorreg kan hê om eendag deur sy verdienste in die hemel te kan kom.

Laat ons ook dan lewe in die teken van voetewassing. Onthou wat die Bybel sê:

Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.
(Matteus 23:12 AFR1953)

Wat gaan alles jou help as jy jouself in hierdie lewe te belangrik ag om vir ander op te offer en jy verloor die ewige lewe?

Volg die Here Jesus Christus in jou liefde.

Kom ons lees saam wat ons belydenis te sê het oor skuldvergifnis in die Heidelbergse Kategismus Sondag 51.

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyd.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 Oktober 2008